Laerskool Stellenbosch

Huiswerkbeleid

Huiswerk moet as 'n integrerende deel van klaswerk beskou word en daagliks beoefen word. Huiswerk wat oordeelkundig gegee en gekontroleer word, sal die peil van beide die skoolwerk en gehalte klasonderrig aandui. Huiswerk moet die klaswerk konsolideer, oefening gee en klaswerk ondersteun. Leerders leer ook om self te werk.
Klas-en huiswerk moet mekaar aanvul. Huiswerkopdragte moet altyd duidelik wees sodat die leerder presies weet wat van hom verwag word. Geen huiswerk word oor naweke gegee nie.

Graad 1

1. Huiswerk bestaan uit drie opdragte per dag
2. Herkenning van sinne, woorde en klanke
3. Lees die leesboekie soos aangedui op die leeskaarte
4. Herken en lees sigwoordeskat
5. In sommige gevalle -die regte skryfwyses van syfers/getalle en skrifpatrone
6. Teloefeninge en getalbegrip 1 -10, 1 20, 1 34
7. Woordbou (3 -5 woorde per dag) vanaf 2de en 3de kwartaal soos dit aanpas by jaarbeplanning
8. Versameling van data (inligting of afvalmateriaal)
9. Geen huiswerk oor naweke nie
10. Geen skriftelike huiswerk in die klaswerkboeke word gegee nie

Graad 2

1. Huiswerk bestaan uit drie opdragte per dag
2. In Leesles uit ‘n leesboek ‘n tydskrif of biblioteekboek
3. Wiskunde (tel, getalbegrip)
4. Mondeling
5. Spel of lees van sigwoorde
6. Geen skriftelike huiswerk in die klaswerkboeke word gegee nie

Graad 3

1. Huiswerk bestaan uit drie opdragte per dag
2. Afrikaanse lees en sigwoordeskat (Woensdae en Donderdae)
3. Spelwoorde en spelreels (Woensdae en Donderdae)
4. English reading (Maandae en Dinsdae)
5. English Phonics (Maandae en Dinsdae)

6. Tel, getalwerk of tafels (Maandae tot Donderdae)
7. Voorbereide mondeling altyd skriftelik uiteengesit
8. Geen skriftelike werk in die klaswerkboeke word gegee nie

Graad 4 - 7

1. Daar is ‘n verskil in tuiswerklading vir 'n sterk en swak leerder.
2. Implementeer strategieë om vinnige en swakker leerders te akkommodeer dat beide ewe veel huiswerk het.
3. Leerders mag soms nie huiswerk kry in 'n spesifieke leerarea nie
4. Graad 4 leerders doen 30 minute huiwerk, graad 5 en graad 6 leerders behoort 45 minute huiswerk te doen en ‘n graad 7-leerder doen 60minute huiswerk per dag.
5. Die hoeveelheid huiswerk Maandae middae moet minimaal wees aangesien leerders toetse skryf op Dinsdae.
6. Geen of minimale huiswerk oor naweke.
7. Spel en lees kan deel uitmaak van daaglikse huiswerk.

Huiswerk is vaslegging van wat die dag in die klas gedoen is. Soms word van leerders verwag om data te versamel of navorsing te doen. Genoeg tyd word daarvoor gegee.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF